**Die tien gebooie – Nuwe Testamentiese perspektief (OP175)**

**Ef 2:11-16**

**19 Mei 2024**

Laasweek het ons begin kyk na die wet van die Here in Eks 20. Ons het opgelet dat die wet van die Here die begin is van die derde deel van die boek Eksodus, wat handel oor die dankbare respons wat die Here van Sy volk verwag het nadat Hy hulle uit Egipte bevry het. Ons het daaroor besin dat die wet van die Here ‘n beskrywing is van Sy karakter – soos wat Hy heilig is, is Sy wet heilig. Die wet is Sy definisie van hoe heiligheid lyk. Die doel van die wet is om aan die volk, en ook aan ons as gelowiges, te wys hoe dit lyk om heilig te wees; in Nuwe Testamentiese taal, hoe dit lyk om Christusgelykvormig te wees. Dit is so dat die wet vir die gelowige ‘n juk is, maar die juk is sag en die las is lig. Boonop het ons gesien die wet van die Here is vir die gelowige die wet van vryheid – dit beteken dit definieer vir die gelowige die ruimte waarbinne hy in vryheid kan leef en beweeg, met die wete dat hy heilig is, en dus aan God se standaard voldoen. Ons het ook daarop gelet dat beide die kliptafels waarop die Here die wet geskryf het, in die verbondsark in die Allerheiligste van die tabernakel geplaas is – ‘n aanduiding dat die Here die verantwoordelikheid op Hom geneem het om te sorg dat die volk, en dus die gelowige, wel die wet sal nakom.

Ek wil graag vandag steeds verder oor die wet oorsigtelik besin, voordat ons na die inhoud van die wet kyk. Ek wil spesifiek fokus op hoe die Nuwe Testament na die tien gebooie kyk, soos wat die Here dit destyds by Sinai aan die volk gegee het. Ek het teen die einde van laasweek se preek die opmerking gemaak dat daar verskeie sienings is oor die wet van die Here, soos onder andere dat die wet in die Nuwe Testament opgehef is. Ek het kortliks probeer onderstreep dat ek nie dink dit is die geval nie, maar het besluit om hierdie week in meer detail hierby stil te staan. Die rede hiervoor is die volgende:

Daar is deesdae drie maniere, drie teologieë, waarop die Bybel gelees word: Eerstens is daar Verbondsteologie. Dit is verreweg die oudste manier waarop die Bybel gelees word, en dit is ook hoe ek oortuig is die Bybel behoort gelees te word. Dit kom kortliks daarop neer dat die Here Sy verlossingsplan geleidelik aan die mensdom geopenbaar het deur ‘n reeks verbonde wat in die openbaringsgeskiedenis in die Bybel beskryf word. Ek lê baie klem in die preke daarop om te beskryf hoe die verskillende verbonde opmekaar bou tot dit eventueel die punt in die Nuwe Testament bereik waar die nuwe verbond aanbreek. Tweedens is daar die teologie van Dispensasionalisme. Hierdie manier om die Bybel te lees het in die 1800’s ontstaan, en is deesdae baie gewild. Volgens hierdie lees van die Bybel het die Here in tipies sewe dispensasies (oftewel eras) met die mens gewerk. In elke dispensasie werk die Here op ‘n ander manier. Volgens hierdie siening is Eks 20 deel van die sogenaamde “Dispensasie van die wet”. Ons, wat in die periode tussen Jesus se eerste en tweede koms leef, leef in die “Dispensasie van genade”. Een van die implikasies van hierdie siening is dat die dispensasie van die wet afgesluit is, en gevolglik is die 10 gebooie dus nie meer relevant in die dispensasie van genade nie – een van die reuse verskille tussen Verbondsteologie en Dispensasionalisme. Derdens is daar die Nuwe Verbondsteologie. Dit is ‘n relatiewe nuwe manier waarop die Bybel gelees word, en pas in iewers tussen Verbondsteologie en Dispensasionalisme. Volgens hierdie siening het die koms van die Nuwe Verbond ook gepaard gegaan met die koms van ‘n nuwe wet. Die wet van die Ou Verbond, die 10 gebooie, is dus nie meer relevant nie, en word in die nuwe verbond vervang met ‘n ander wet: die wet van Christus. Hierdie wet word gesien as meer geestelik met hoër eise as wat die 10 gebooie in die ou verbond gehad het.

Ek wil nie vandag 'n diepgaande bespreking gee oor Dispensasionalisme of Nuwe Verbondsteologie nie. Wat ek eerder op wil fokus, is hoe die Nuwe Testament kyk na die 10 gebooie, en ek hoop dat dit duidelik sal word dat die Nuwe Testament steeds die geldigheid van die 10 gebooie erken en onderstreep. Die implikasie is dus dat Verbondsteologie steeds die verantwoordelike manier is om die Bybel te lees.

Ek wil erkenning gee aan Richard Barcellos. Ek maak ruim gebruik van sy werk in sy boek "In Defence of the Decalogue".

Vir die doel wil ek vandag na 7 teksgedeeltes kyk – 1 in die Ou Testament, en die ander 6 in die Nuwe Testament. Ons gaan dus bietjie rondblaai, ek hoop dat dit nuttig sal wees.

<u>Jeremia 31:33</u>

Lees Jer 31:31-34. Hierdie verse is die klassieke teks in die Ou Testament wat die koms van die nuwe verbond aankondig. Die nuwe verbond breek natuurlik eers in die Nuwe Testament aan met Jesus se koms. Hierdie verse word op verskeie plekke in die Nuwe Testament aangehaal waar die nuwe verbond beskryf word – dink maar net aan Heb 8 en 10. Ek wil ook nie nou 'n detail beskrywing van die nuwe verbond gee nie – ek wil die bespreking beperk tot wat ons oor die wet in die nuwe verbond lees. Die punt waarvan ons nou moet kennis neem, is dat die Here in vers 33 die volgende sê: "Ek sal My wet in hulle binneste gee, en dit op hulle harte skryf". Let op: daar sal in die nuwe verbond 'n wet ter sprake wees. Die vraag is: Watter wet is dit? Wel die vers antwoord dit: Die Here sê "My wet", dit is Sy wet – dis die Here se wet. 'n Mens sou verwag dat teen die tyd dat Jeremia hierdie woorde neergeskryf het, moes hierdie wet al bestaan het, sodat sy lesers kon verstaan van watter wet hy praat. Wel, kom ons kyk na 'n paar ander plekke waar Jeremia oor die wet skryf:

- Jer 9:13 "Omdat hulle My wet verlaat het wat Ek aan hulle voorgehou het, hulle nie na My stem geluister en My wet gevolg het nie...". Watter wet is dit wat die Here aan die volk voorgehou het, wat hulle gehoor het toe Hy dit vir hulle aangekondig het? Dis tog die 10 gebooie!
- Jer 44:10 "Tot vandag toe is hulle nie gebroke of bevrees nie, en volg hulle nie My wet en vaste voorskrifte wat Ek aan julle en julle voorouers voorgehou het nie". Watter wet het die Here aan hulle en hulle voorouers voorgehou? Dis tog die 10 gebooie!

As Jeremia dus op ander plekke oor die wet skryf, en dit duidelik is dat hy met die term "wet" verwys het na die 10 gebooie wat die Here by Sinai gegee het, watter wet sou sy lesers verstaan het sou in die nuwe verbond op die harte van gelowiges geskryf word? Tog sekerlik die 10 gebooie.

Let verder daarop dat Jeremia in vers 33 sê dat die Here self Sy wet op die harte van gelowiges gaan skryf. Vergelyk dit met Eks 31:18 waar ons lees dat die Here self met Sy vinger Sy wet op die kliptafels geskryf het. Ek is seker sy lesers moes die konneksie gemaak het terug na die 10 gebooie.

Die punt wat Jeremia maak is nie dat die nuwe verbond gepaard sal gaan met 'n nuwe wet nie. Nee, dit is dieselfde wet as die wet in die ou verbond, dit is selfs ook dieselfde God wat hierdie wet skryf. Wat wel nuut is, is die plek waar dit geskryf word: i.p.v. dat die wet deur God ekstern op kliptafels geskryf was, gaan dieselfde wet deur God op die harte van gelowiges geskryf word. En daardie wet is die 10 gebooie.

<u>2 Korintiërs 3:3</u>

Lees 2 Kor 3:1-3. In hierdie verse verdedig Paulus sy bediening onder die Korintiërs. Hy vra of hy werklik aanbevelingsbriewe nodig het om onder hulle te mag werk. In vers 2 redeneer Paulus dat die

Korintiërs sy lewende aanbevelingsbriewe is – hulle lewe getuig van die resultaat van Paulus se werk in hulle midde, en boonop is dit sigbaar vir alle mense om te sien. Alle mense kan sien dat Paulus 'n sinvolle en beduidende effek in hulle lewens gehad het.

In vers 3 redeneer Paulus verder. Hy redeneer die Korintiërs is ook op 'n ander manier 'n brief. Hy noem hulle 'n brief van Christus. Hy sê hy was bloot instrumenteel deur sy diens onder hulle aan die skryf van hierdie brief. Hierdie brief is nie met ink geskryf nie, maar wel met die gees van die lewende God – dus met die Heilige Gees. En die brief is nie op kliptafels geskryf nie, maar wel op menseharte. Kom ons probeer verstaan wat Paulus sê: Die Korintiërs is 'n brief. Die feit dat hulle 'n brief is, is die resultaat van Paulus se werk – maar Paulus is nie die outeur van die brief. Hy was bloot 'n instrument waardeur hulle 'n brief geword het. Die brief is 'n brief van Christus. Hulle behoort aan Christus, hulle getuig van Christus – Christus is dus die Een wat hulle 'n brief gemaak het, en hulle is 'n brief wat spreek van die werk van Christus. Dit is deur geloof in Christus en Sy werk, dat hulle 'n brief geword het. Hulle lewens getuig van die werk van Christus. Hoe het dit in die praktyk gebeur dat hulle 'n brief geword het? Die Heilige Gees het op hulle harte geskryf. Die Heilige Gees het in hulle harte geskryf, het in hulle harte gewerk, het hulle harte sag gemaak, het hulle tot geloof gebring – geloof in Christus, en nou is hulle 'n brief wat van Christus se werk getuig. Maar let ook op: Wat die Heilige Gees geskryf het, is nie op kliptafels geskryf nie. Wat is wel op kliptafels geskryf? Die 10 gebooie. As ons Jer 31 in gedagte hou, moet dit beteken dat die Heilige Gees dus die 10 gebooie op die harte van die Korintiërs geskryf het. Die eise van die 10 gebooie wat deur die Heilige Gees geskryf is op hulle harte van vleis, het die Korintiërs oortuig van hulle sonde en hulle nood aan Christus se verlossingswerk – en so het hulle 'n brief van Christus geword. Maar, let op: hier is geen aanduiding dat wat die Heilige Gees op hulle harte geskryf het, is iets anders as wat op die kliptafels geskryf is nie. Wat op die kliptafels en die harte geskryf is, is dieselfde; Wie dit geskryf het, is ook steeds dieselfde – steeds God; wat verander het is die plek waar dit geskryf is: nie meer kliptafels nie, maar menseharte.

Geliefdes, kan ek vir jou 3 verse lees waarna ons nou verwys het: Eks 31:18 "... die Here het vir Moses op die berg Sinai die twee tafels met die Getuienis gegee – kliptafels waarop deur die vinger van God geskryf is"; Jer 31:33 "Ek sal My wet in hulle binneste gee, en dit op hulle harte skryf"; 2 Kor 3:3 "Julle is duidelik 'n brief van Christus wat deur ons diens opgestel is, geskryf, nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God, nie op kliptafels nie, maar op die tafels van menseharte". Hier is 'n ontwikkelingslyn: In Eks het die Here Sy wet op kliptafels geskryf, in Jer het die Here beloof om Sy wet op die tafels van die hart te skryf, in Kor het die Heilige Gees op die harte van die gelowiges geskryf. Die ontwikkeling lê in die skuif van kliptafels na menseharte, hier is geen aanduiding dat die boodskap wat geskryf is verander het nie.

<u>Efesiërs 6:2-3</u>

Lees Ef 6:2-3. Ek glo dit is duidelik dat ons hier 'n aanhaling van die vyfde gebod het (Eks 20:12). Alhoewel die brief aan die Efesiërs geskryf is na die aanbreek van die nuwe verbond, haal Paulus doodluiters die vyfde gebod uit die 10 gebooie aan – as die 10 gebooie nie meer geldig was nie, sou Paulus moes verduidelik hoekom die vyfde gebod nog geldig is. As jy dit lees, kan jy nie anders nie as om die indruk te kry dat daar geen twyfel by Paulus was of die vyfde gebod nog staan of nie, Trouens, mens kry die indruk Paulus was oortuig die res van die wet staan ook steeds.

Let verder op: Paulus beskryf die gebod dat die Efesiërs hulle vader en moeder moet eer, as "die eerste gebod met 'n belofte". Dit moet beteken Paulus het na een of ander dokument in gedagte wat 'n lys van gebooie bevat, een van daardie gebooie in daardie lys moet wees "eer jou vader en jou moeder", en daardie gebod moet in daardie dokument met die lys van gebooie, die eerste een

wees waaraan ‘n spesifieke belofte gekoppel is. Natuurlik is die lys van gebooie wat Paulus in gedagte gehad het, die 10 gebooie.

Wat interessant is om op te let, is dat die belofte in die vyfde gebod in Eks 20:12 is: “sodat jy lank kan leef op die grond wat die Here jou God vir jou gaan gee”. Ek is seker die Ou Testamentiese volk het dit verstaan as die beloofde land. Maar Paulus skryf nie aan die volk Israel nie, hy skryf aan die Efesiërs, hulle woon nie in die beloofde land nie, hulle woon in Klein Asië. So, Paulus druk die belofte uit as “en julle ‘n lang lewe op aarde kan hê”. Natuurlik is daar ontwikkeling vanaf die ou verbond na die nuwe verbond – die fokus op die beloofde land is uitgedien in die nuwe verbond. Maar dit beteken nie die gebod het verander nie: Hulle moet steeds hulle vader en moeder eer, al het die fokus van die belofte geskuif.

<u>1 Timoteus 1:8-11</u>

Lees 1 Tim 1:7-11. Duidelik praat Paulus in hierdie verse oor die wet. Die vraag is hoekom praat Paulus oor die wet? In vers 7 lees ons dat Paulus verwys na sekere leermeesters van die wet, maar hierdie leermeesters verstaan nie wat hulle sê nie. Die punt is dat Paulus redeneer daar is leermeesters wat oor die wet lering wil gee, maar hulle doen dit verkeerd. Paulus ontken nie die bestaan van die wet nie, maar hy redeneer dat die wet op die regte manier geleer moet word.

Let op wat Paulus in vers 8 sê: Die wet is goed wanneer iemand dit op die regte manier gebruik. Dit stem natuurlik ooreen met wat Paulus in Rom 7:12 geskryf het: “So is die wet dan heilig, en ook die gebod is heilig en regverdig en goed”. Die wet is goed op voorwaarde dat dit op die regte manier gebruik word.

In vers 9 redeneer Paulus verder: Hy sê die wet word op die regte manier gebruik as verstaan word dat dit nie bedoel is vir die regverdiges nie, maar wel vir die wetteloses en ongehoorsames, en nog ‘n hele string ander sondaars, waarna ons netnou in meer detail sal kyk. Paulus sê die wet is nie bedoel vir die regverdiges nie, maar wel vir die wetteloses en sondaars. Nou, jy kan net sien hoe die vers verkeerd verstaan kan word: Gelowiges is tog regverdiges, is dit nie? Hulle is tog in Christus geregverdig deur die geloof. Die wet is dus nie vir gelowiges nie, nee die wet is vir sondaars, oftewel vir die ongelowiges. Gelowiges is vry. Hulle het nie meer ‘n wet nodig nie. Maar, is dit werklik wat hierdie vers kan beteken? Wel, wat het dan nou geword dat selfs in die nuwe verbond die wet van die Here juis geskryf is op die tafels van gelowiges se harte? Hoe rym dit met Paulus wat vir die Efesiërs skryf hulle moet hulle vaders en moeders eer? Hoe rym hierdie siening met Rom 13:9-10 waar dieselfde Paulus skryf: “Want dit, ‘Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie,’ of watter ander gebod ook al, word saamgevat in hierdie uitspraak: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’ Die liefde doen die naaste geen kwaad nie, daarom is die liefde die vervulling van die wet.” Duidelik is Paulus oortuig gelowiges moet steeds die wet van die Here onderhou.

Wat bedoel Paulus dan met die feit dat die wet nie vir regverdiges is nie? “Regverdig” het nie hier ‘n soteriologiese betekenis nie, m.a.w. dit verwys nie na die feit dat gelowiges deur geloof in Christus geregverdig is nie. Paulus verwys hier na iemand wat onder die indruk is dat hy eties regverdig is, dus dat hy eties doen wat die wet verwag – en hy sê so iemand het nie die wet nodig nie. Die wet is wel vir die wat nie eties doen wat die wet sê nie – d.w.s. vir die wetteloses en sondaars. Onthou die konteks: Paulus sê daar was vals leermeesters van die wet – hulle het die wet verkeerd gebruik. Volgens verse 3-6 het hierdie leermeesters verval in niksseggende gepraat oor mites en geslagsregisters. Paulus voel hierdie leermeesters is oortuig hulle is regverdig – en daarom kan hulle hulle tyd verwyl met niksseggende gepraat oor allerlei onderwerpe. Dink aan Paulus self voor sy

bekering: Paulus sê in Fil 3:6 hy was 'n vervolger van die kerk en hy was onberispelik in onderhouding van die wet om daardeur regverdigheid te verkry. Natuurlik het hy nie so regverdigheid verkry nie, maar hy het destyds so gedink. Paulus redeneer hier in 1 Tim dit is die verkeerde manier om die wet te gebruik. Hy weet nou hy kon nie deur sy ywer in wetsonderhouding werklike regverdigheid bereik nie. Die valse leermeesters mis op dieselfde manier ook die punt. Hulle dink hulle is regverdig, en daarom verval hulle nou in allerlei niksseggende gepraat. Die wet is nie bedoel vir hierdie selfgeregverdigdes nie. Nee, die wet is juis bedoel vir wetteloses en sondaars. En, as gelowiges eerlik is, moet hulle almal erken dat hulle wetteloos en sondig. Die wet is juis bedoel vir hulle. Dit is juis hulle wat die wet nodig het. Ja, die selfgeregverdigdes het ook die wet nodig, maar hulle is so selfvoldaan, hulle besef nie eens dat hulle die wet nodig het nie, en gaan die nut van die wet by hulle verby.

Kom ons besin nou weereens watter wet dit is wat Paulus in gedagte het. Lees saam met my verse 9b-10 waar Paulus beskryf vir wie die wet wel bedoel is:

- Wetteloses en ongehoorsames – dit is mense wat die wet van die Here oortree
- Goddeloses, sondaars, onheiliges, wêreldlinge – dit is die mense wat God nie erken as die enigste God nie (gebod 1), wat God nie ken soos wat Hy geken moet word nie (gebod 2), wat God se Naam nie heilig nie (gebod 3), wêreldlinge wat nie die sabbat respekteer nie (gebod 4)
- Hulle vaders en moeders doodmaak – mense wat die vyfde en sesde gebod nie hou nie
- Mense vermoor – mense wat sesde gebod oortree
- Hoereerders en mans wat intiem met mans verkeer – mense wat sewende gebod oortree
- Diegene wat mense ontvoer – gewoonlik met die doel om losprys te bekom, dus oortreding van die agste gebod
- Diegene wat leuens vertel of meineed pleeg – mense wat die negende gebod oortree

Sien jy wat hierdie lys van oortreders doen? Dit stem nie net grotendeels ooreen met die 10 gebooie nie, dit volg selfs grotendeels dieselfde volgorde as die 10 gebooie in die wet van die Here. Ek glo dit is duidelik Paulus het die 10 gebooie in gedagte gehad toe hy hierdie verse geskryf het, Paulus was oortuig die 10 gebooie was steeds van krag.

<u>Matteus 5:17-19</u>

Lees Mat 5:17-19. Ek sukkel om te verstaan hoe mense hierdie verse kan lees en steeds oortuig kan wees dat die wet nie meer geldig is nie. Die redenasie wat gegee word, is dat Christus die wet vervul het – en daarom is daar niks meer wat die gelowige hoef te doen nie – Christus het reeds die wet vervul. Nodeloos om te sê – ek vind dit uiters onbevredigend.

Jesus leer hier as deel van die bergpredikasie dat ons nie eers daaraan moet dink dat Hy gekom het om die Wet of die Profete af te skaf nie. Die vraag is: Waarna verwys Jesus met die term "die Wet en die Profete? Ons het nou al verskeie kere gesien dat die Nuwe Testament onder die term "wet" juis die wet van die Here, die 10 gebooie, in gedagte het. Maar dit kan ook 'n breër betekenis hê, veral as dit gekombineer word met "Profete": Kyk na die volgende:

- Joh 5:25 "Maar die uitspraak wat in hulle wet opgeteken staan, moet in vervulling gaan 'Hulle het My sonder rede gehaat'". Ons lees hier van 'n uitspraak wat in die wet opgeteken staan. Die uitspraak is "Hulle het My sonder rede gehaat". Hierdie uitspraak is egter 'n aanhaling uit Ps 35:19. Die boek Psalms is dus deel van die wet.
- Gal 4:21 "Sê vir my, julle wat onder die gesag van die wet wil staan, luister julle dan nie na die wet nie?" En dan gaan Paulus voort en verwys na Abraham wat twee seuns gehad het –

een by Sara en een by Hagar – wat natuurlik in Genesis beskryf word. Paulus sien Genesis dus as deel van die wet.

As ons dus lees van die "Wet", kan dit of verwys na die wet, die tien gebooie, of dit kan verwys na die hele Ou Testament – veral as "Wet" gekombineer word met "Profete". En dit is wat Mat 5:17-18 in gedagte het: Jesus het nie gekom om die Ou Testament af te skaf nie, Hy het gekom om dit te vervul. Ons weet hoe vol die Ou Testament is met beloftes oor die koms van die Here Jesus – en Jesus het juis gekom om dit te vervul. Onthou hoe Matteus herhaaldelik verwys na "En so is vervul wat die Here deur die profeet gesê het..." (bv Mat 2:15). As ek dit lees, dan gaan dit my verstand te bowe hoe iemand nog kan redeneer die Ou Testament was 'n ander dispensasies as die Nuwe Testament, en is daarom nou nie meer relevant nie. Nee, die Ou Testament was voorbereidend en bevat die beloftes wat Jesus kom vervul het. Daarom kan ons uit die Ou Testament Sy werk nou beter verstaan. Daarom bly die Ou Testament nuttig tot die hemel en die aarde tot niet gaan. Nou, as die hele Ou Testament nuttig, dan is die 10 gebooie tog ook sekerlik steeds nuttig – veral siende dat Jesus in vers 19 redeneer dat as iemand selfs net die geringste van die gebooie sou afskaf, dan is hy die geringste in die koninkryk van die hemel! Voeg hierby dat 2 Tim 3:16-17 sê dat elke Skrifdeel – dit sluit definitief elke deel van die Ou Testament in, en definitief ook die 10 gebooie in – nuttig is vir onderrig, weerlegging, teregwysing en opvoeding om <u>God se wil te gehoorsaam</u>. Dit is tog juis die doel met die wet: om God se wil te verstaan. Hoe kan iemand dan nog redeneer ons kan maar die 10 gebooie ignoreer?

<u>Efesiërs 2:14-16</u>

Lees Ef 2:11-15. Ek glo dit is duidelik dat vers 15 weereens 'n kontroversiële vers kan wees: Christus het die wet met sy eise en reëls tot niet gemaak – beteken dit nie dat nie dat Christus die wet opgehef het, en dat ons nou vry is nie? Wel, weereens moet ons die konteks in gedagte hou: Onthou, Paulus skryf aan die Efesiërs – dit beteken hy skryf aan mense wat nie afkomstig is uit die Ou Testamentiese Joodse volk nie. In verse 11-12 beskryf Paulus dit beteken hulle was dus deel van die sogenaamde onbesnedenes, hulle was uitgesluit uit burgerskap van die fisiese volk Israel, en hulle het dus ook nie deel gehad aan die Ou Testamentiese verbondsbeloftes nie. Maar, sê Paulus in vers 13, al was hulle destyds ver en uitgesluit, het hulle nou deur die bloed van Jesus naby gekom. Dit is tog een van die ontwikkelings in die nuwe verbond – dat nie-Jode ook op groot skaal gelowiges geword het. Dit is die punt van vers 14: Jesus Christus het met Sy koms hierdie skeiding tussen die heidennasies en die Jode afgebreek. Voortaan maak dit nie meer saak of iemand 'n Jood of 'n Griek is nie – solank hy net in die Here Jesus glo, is hy deel van die gemeenskap van gelowiges.

Dit is in hierdie lig dat ons vers 15 moet lees: Jesus het die wet met sy eise en reëls tot niet gemaak, en het daardeur die twee, d.i. die Jode en die nie-Jode, tot een nuwe mensheid geskep. Watter wette en reëls is dit wat Jesus nou tot niet gemaak het? Dit moet tog sekerlik daardie wette en reëls wees wat die skeiding tussen Jode en nie-Jode gebring het. Watter wette en reëls was dit? Daardie wette wat bepaal het dat net lede van die volk aan tempelaanbidding mog deelneem en offers mog bring. Dit is daardie wette, die sogenaamde seremoniële wette, wat in die nuwe verbond afgeskaf is – en hulle is afgeskaf juis omdat Jesus hulle vervul het, immer het Hy eenmalig die perfekte offer gebring, so ons hoef nie meer offers te bring nie. Dit is daardie wette wat opgehef is deur Christus – omdat Hy hulle vervul het. Dit is ook daardie wette wat die skeiding tussen Jode en nie-Jode gebring het.

Maar dit beteken nie die 10 gebooie is ook opgehef nie – ons het tog nou herhaaldelik gesien die Nuwe Testament erken steeds die 10 gebooie. Ja, dit is so dat Jesus ook die 10 gebooie volmaak

gehoorsaam het, en Sy gehoorsaamheid word ook aan ons geskenk. Maar die Here wil steeds hê dat ons 'n heilige nasie moet wees, en daarom skryf Hy Sy wet, die 10 gebooie, op ons harte.

Matteus 5:27-28

Lees Mat 5:27-28. Gedurende die bergpredikasie gaan Jesus dikwels terug na die 10 gebooie – soos wat hier die geval is: Jesus verwys spesifiek na die 10 gebooie waar in die sewende gebod gesê word: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie." Dit lyk dus of Jesus die 10 gebooie steeds erken. Maar dan voeg Jesus in vers 28 by: "Maar Ek sê vir julle, elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg." Ondersteuners van die oortuiging dat die 10 gebooie in die nuwe verbond opgehef is, redeneer dat Jesus met die woorde "Maar Ek sê vir julle..." die sewende gebod opgehef het, en dit nou vervang het met 'n eis wat selfs hoër is as wat die sewende gebod geëis het. Daar word geredeneer dat Jesus hier 'n hoër geestelike wet instel wat die Ou Testamentiese gebod vervang. Daar word geredeneer al wat in die Ou Testament verbied was, was werklike fisiese egbreuk tussen 'n man en sy vrou. Wat die Here Jesus nou as deel van die nuwe verbond eis is meer as dit: Ja, jy mag nog steeds nie egbreuk pleeg nie, maar wat bykom is dat jy ook nie eens na 'n ander vrou mag kyk nie – want dan het jy reeds in jou hart egbreuk gepleeg. Die implikasie van hierdie redenasie is, dat dit in die Ou Testament heeltemal aanvaarbaar sou wees vir 'n man om na 'n ander vrou te kyk en haar te begeer – solank hy net nie egbreuk met sy vrou pleeg nie. Dit maak eenvoudig nie sin nie – as dit waar was klink dit my Dawid se oortreding om Batseba te begeer was nie so erg nie – en tog is Dawid deur die Here veroordeel. Maar jy hoef nie eens so ver te gaan soek nie: Kyk net na die 10de gebod: Die tiende gebod eis onder andere jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie – soos wat Jesus in die bergpredikasie leer. Wat Jesus leer is niks anders as wat die 10 gebooie in die Ou Testament al geleer het nie.

Jesus se doel met die bergpredikasie was nie om 'n hoër wet as die 10 gebooie daar te stel nie. Nee, Jesus se doel was om die gebrekkige interpretasie van die 10 gebooie deur die geestelike leiers van daardie tyd, aan te spreek en dit te korrigeer. Maar dit is nie 'n ander wet as die 10 gebooie nie.

Afsluiting

Geliefdes, ek hoop hierdie bespreking help jou om beter te verstaan waar sommige van die redenasies in ons tyd vandaan kom. Meer belangrik: ek hoop dit help om opnuut 'n beter waardering vir die wet van die Here te ontwikkel. Die inhoud van Ps 119:45 bly vir my verstommend: die wet van die Here bepaal vir ons die ruimte waarbinne ons met vrymoedigheid mag rondbeweeg. Mag ons 'n beter waardering van hierdie ruimte ontwikkel as ons na die detail van die gebooie kyk.